

21 Maart

Skrifgedeelte: Jeremia 29
Fokusgedeelte: Jeremia 29:4-14

Gee uitvoer aan die skeppingsroeping!

Aangesien die volk in ballingskap nou weet dat hulle swaarkry vir 70 jaar gaan duur, is die vraag of hulle nou maar soos vreemdelinge in hierdie land moet woon en moet pluk en oes van dit wat hulle nie gesaai of geplant het nie en wag op hul terugkeer? Nee, dit is nie die opdrag wat die Here aan hulle gee nie. Die Here sê: "Bou huise en woon, en plant tuine aan en eet die vrugte daarvan; neem vroue en verwek seuns en dogters" (verse 5 en 6). Daar moet ook vir die heidense owerheid gebid word, want hulle vrede en voorspoed sal ook vir jou vrede en voorspoed bring (vers 7). Artikel 36 NGB eis dat ons vir die owerheid moet bid en ook gehoorsaam moet wees daaraan en ons werk getrou en met ywer en toewyding doen. Dit het die Here behaag om elke volk, ook vir ons, in die lewensomstandighede waarin ons is te plaas. Deur getrou te werk, positief te dink, te beplan en te leef, dien ons die Here en gee ons uitvoering aan sy skeppingsopdrag. Waar ons ook al woon en werk, bly ons die kroon van God se skepping en bly ons roeping om sy skepping te bewerk en te bewaak en tot diens en eer van die Here te lewe.

Sing: Skrifberyming 49:3

Ds DL de Beer (Emeritus)